

Bou jou lewe op Rots wat nooit wankel nie...

"I'll huff and I'll puff and I'll blow the house down." Onthou jy nog wolf se bekende woorde, kort voordat hy twee van die drie varkies se huisies omgeblaas het wat van strooi gebou was? Maar die derde een se huisie was van steen gebou. Daarom was wolf se asem dié keer nie sterk genoeg nie. Nou ja, groot krisisse blaas deesdae kliphard aan wie weet hoeveel mense se lewenshuise. Baie se hoop word deur Covid, misdaad en armoede weggeblaas. Hulle geluk, drome en veiligheid gaan daarmee heen. Party verloor boonop ook nog hulle geloof in sulke storms.

Wat moet ons doen in 'n tyd soos hierdie? Wel, ons moet luister na 'n ander, lewensbelangrike verhaal, dié van Jesus in [Matteus 7:24 - 29](#). Hier leer Hy dat die lewe soms teen stormsterkte gebeur. Sulke storms is sterk genoeg om mense se lewenshuise om te waai. Daarom sê Jesus dat mense hulle lewens op Sy woorde moet bou. Dan is hulle lewenshuis op Rots gebou - op Homself. Geen storm sal hulle dan ooit omwaai of hulle lewe vernietig nie. Hulle is dan vir ewig geanker op die Rots, wat nooit wankel of bewe nie. Doen dit. Sorg dat Christus vandag en elke ander dag jou veilige beskutting is.

deur Stephan Joubert

Gemeente - Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Gerda Nel-vir volle genesing
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- *Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- *Bid vir mense wat COVID-19 het
- *Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- *Bid vir Johan Kotze-hy is baie siek- bid vir volle genesing
- *Bid vir Tannie Marinda Jordaan-bid vir volle genesing
- *Bid vir Basie Roux-hy het kanker-vir volle genesing
- *Bid vir ons land en haar mense

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Onthou om te onthou . . .

- [Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .](#)
- ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
- Rekno.: 0520580654
- Takkode: 632005

Gedagte vd week

